

Stellenberg-gemeente
Sondag 23 Augustus 2020
Matteus 25:31-40 | Is ek 'n kanaal van God se genade?



Hierdie was 'n koue week in die Kaap! In die midde van Covid-19 het die koue en nuwe beurtkrag skedule ons nog meer geïsoleer. Op pad om hout vir ons kaggel te gaan haal, het ek die week vir 'n oomblik by 'n groot boom in ons agterplaas stilgestaan. 'n Magtige boom wat met skynbare droë takke in die greep van die winter vasgevang is. Skielik het ek egter iets opgemerk wat ek die afgelope weke mis gekyk het. Die boom is oortrek met blare wat besig is om te bod. Ek het verkeerd gekyk! Dit mag dalk winter wees, maar hierdie boom getuig dat in die midde van die greep van koue 'n nuwe seisoen tog besig is om deur te breek. Die lente en somer is aan die kom! Dink aan die jaarringe van 'n boom. Dit getuig oor jare van droogte, koue en reën – 'n jaar terug het ek nie gedink die boom gaan ons droogtes oorleef nie. Sonder dat 'n mens dit agterkom is die boom besig om deur dit alles te groei!

Dit laat my dink aan die “gevriesde” grendeltyd waarin ons onself bevind. Die ervaring wat ons beleef dat ten spyte hoe dinge om ons lyk en dinge in ons voel ons diepliggend deur ons geloof en in ervarings en groei deur God verander word. Dit alles getuig dat ons weer op die punt staan om 'n nuwe seisoen in te gaan. Dit is met hierdie gesindheid dat ons vanoggend se diens ingaan.

GEBED

Here, om ons is die seisoene besig om te verander, maar in ons voel dit so dikwels of die koue ons vasgevang het. Ons leef vandag oorweldig deur dit wat om ons gebeur wat ons nie maklik verander of gedraai kry nie. In ons word ons oorweldig deur gedagtes en gevoelens wat ons van binne oorweldig en ons ook nie gedraai kry nie. Maar in dit alles Here glo ons ook. Ons glo in U teenwoordigheid en krag wat onder al hierdie realiteite kom inskuif en wat nuwe lewe in ons laat bot. Praat in hierdie dag met ons daarvoor. Help ons om te beleef dat wat ons glo werklik 'n groot verskil maak. AMEN

Ons preekreeks gaan oor die tema van barmhartigheid. Vandag kom ons by die vraag: Is ek 'n kanaal vir God se genade? Dit pas goed by die beeld van die blaas wat aan die punt van die tak bot. Die krag lê nie in die botsel nie, maar dieperliggend in die lug, grond en boom. God werk soortgelyk deur ons.

Teks: Matteus 25:31-40.

'n Mens moet in gedagte hou dat wanneer Jesus hier praat dit sy laaste woorde/boodskap is voor sy kruisiging. Die atmosfeer wat sy volgelinge beleef is donker. Hulle is ontnugter en gespanne omdat dinge nie uitgewerk het soos wat hulle gedink het nie. Hulle voel van buite oorweldig deur die mag van die Romeinse regering en aan die anderkant die Joodse godsdienstige tradisie wat nie met hulle oortuigings rym nie. Die perspektief is dat Jesus nie die groter gety van die omstandighede waarin hulle hulleself bevind gedraai kry nie en dat hulle nie emosies in hulle (vrees, onsekerheid, frustrasie en woede) gedraai kry nie.

Jesus los hulle dan met die radikale woorde van ons teksgedeelte (lees die teks). Wat Jesus hier sê krap ons eie teologië deurmekaar. Sien al die nasies wat voor God vergader. Almal word volgens presies dieselfde beginsel geoordeel. Dit het verrassend niks te doen met geloof en of mense aan spesifieke godsdienstige beginsels voldoen nie. Alleen eerder met die wyse waarop hulle teenoor mense in hulle midde optree en spesifiek diegene wat gering is (seerkry, swaarkry, wat nie in die breë samelewing geag word nie). Wat Jesus in hierdie teks sê maak egter eers sin as jy die verhaal verder lees. Dit vertel van Jesus se lyding en sterwe wat mense

se lewens persoonlik raak en alle mense op dieselfde vlak van bestaan bring. Ons sou vandag se preek hier kon eindig. Christus se lyding en sterwe leer ons om meer barmhartig te wees en meer te gee vir mense wat dit nodig het. Daar is egter meer!

Wie is vandag die geringstes in ons midde? Die mense wat broos en uitgelewer leef? Vanuit 'n menseregte perspektief was daar amptelik in die laaste paar maande baie veldtogte oor geweld teenoor vroue en kinders, veldtogte teen die diskriminasie van gay mense (LGBT gemeenskap), veldtogte wat die punt maak dat swart lewens saak maak, veldtogte teen plaasmoorde en mense wat om verskeie redes in opstand kom omdat hulle voel dat daar teen hulle gediskrimineer word. Daar is vir elkeen van hierdie sake goeie voorbeelde (data/statistiek) van mense se werklike ervarings. 'n Mens sou niks daarvan kon ontken nie. Tog is daar iets hierin wat my die afgelope tyd baie pla. Hoe is dit dat wat seerkry betref een saak jou hart laat bloei om barmhartig te wees en 'n ander tipe van seerkry die teenoorgestelde reaksie by jou ontlok? Hoe is dit dat dieselfde basiese seerkry en nood deur gelowiges gepolariseer word? Iets hierin is nie reg nie! Grendeltyd het ook nog daarby vir 'n perfekte storm gesorg. Mense is oorval deur die wêreld wat hulle van buite en emosies wat hulle van binne oorweldig. Maar dan word ons ook in dit alles deur ons geloof beïnvloed.

Wat staan ons te doen? Hoe gaan ons die pad vorentoe aanpak? Ja, barmhartigheid beteken dat ons gee. Dat ons mense in nood met kos, klere en sorg bedien. Daardeur is ons 'n kanaal van God se genade, maar dit beteken grondliggend meer.

Beleef hoe die Here se lyding en sterwe in jou eie lewe resoneer en hoe dit diepgrondig (soos 'n boom wat bot) onder jou inskuif om jou te verander. God beweeg na ons vlak en ontmoet ons sodat Hy ons in die oë kan kyk.

Beleef egter ook dat dit jou op 'n gelyke vlak met alle ander mense bring om ook hulle pyn en seerkry met dieselfde genade te hanteer en laat toe dat dit jou wys wat presies nou nodig is. Op die manier word ons 'n kanaal van God se genade.

Ons sluit vanoggend af met Paulus se woorde in Filippense 2:1-11 af. Lees dit en laat dit toe om 'n gebed in jou binneste los te maak:

Aangesien julle die troos in Christus ondervind het, die aansporing deur die liefde, die gemeenskap deur die Gees, die innige meegevoel en meelewing – maak dan nou my blydskap volkome deur eensgesind te wees: een in liefde, een van hart, een in strewe. Moet niks uit selfsug of eersug doen nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself. Julle moenie net elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ook aan dié van ander. Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was: Hy wat in die gestalte van God was, het sy bestaan op Godgelyke wyse nie beskou as iets waaraan Hy Hom moes vasklem nie, maar Hy het Homself verneder deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word. En toe Hy as mens verskyn het, het Hy Homself verder verneder. Hy was gehoorsaam tot in die dood, ja, die dood aan die kruis. Daarom het God Hom ook tot die hoogste eer verhef en Hom die Naam gegee wat bo elke naam is, sodat in die Naam van Jesus elkeen wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde is, die knie sou buig, en elke tong sou erken: “Jesus Christus is Here!” tot eer van God die Vader.

AMEN